Reza de Wet-tienertoneelfees

BLAAM deur LA Swart
Do. 14 Julie 14:00 Groep 1. Prys: R30
Aangebied deur die C & N Hoër Meisieskool Oranje, Bloemfontein
Plek: Eunice-teater
Regie: LA Swart
Hoërskool Upington

Die toneelstuk, gegrond op 'n ware verhaal, probeer om te ontrafel waarom tieners doen wat hulle doen. Wie se skuld is dit as 'n tiener selfmoord of selfs moord pleeg? Ons kyk na familie, vriende en die skool. Wie dra die verantwoordelikheid? Wie kan ons blameer?

SPEELPARK deur Kobus Strydom
Regie: Toneelgroep
Hoërskool Eldoraigne

OnDeRbEwUsSyN? Wat as 'n speletjie meer word as net 'n speletjie, as jy meer as net jou gewig verloor? Kom "speel" saam met Jana, Mienke, Lize en Nicole touchers of modespeletjie of word saam met hulle duiselig om-en-om-en-om met ring-a-ring-a-rosies! Maar pasop... die nare vetmaakmonster mag jou dalk net vang.
Tydsduur: 90 minute

OKEI BAAI deur Michelle Luwes
Do. 14 Julie 19:00 Groep 2. Prys: R30
Regie: Jason Bekeur
Hoërskool Uitsig

Drie matrieks skryf hul laaste vak en moet mekaar dan groet om elkeen 'n nuwe lewenspad in te gaan. Hulle behou eger kontak per internet. Elke karakter het dan 'n nuwe gewaarwording oor hom/haarself. Die ondervinding op die pad na volwassenheid is eger nie vir almal ewe positief nie, tog verryk die seer ook op 'n manier elkeen se lewe.

DIE EFFEK VAN GAMASTRALE OOR GOUDGEEL AFRIKANERS deur Paul Zindel
Regie: E Victor
Hoërskool Framesby

'n Verbitterde Beatrice, geskei, arm en siek, bevind haarself saam met haar twee dogters in 'n gewese groentewinkel. Tilde is begaafd en weier om deur die swaartekrag van haar huislike ellende ingesluk te word. Ruth, 'n epilepsie-lyer, se dryfkrag lê daarin dat sy haarself wil wreek op die lewe wat haar so onregverdig behandel het. Nanna is soos 'n lewende lyk.
Tydsduur: 90 Minute

RYS, VLEIS EN GEBAKTE KLIPPE deur Johan Smit
Vr. 15 Julie 10:00 Groep 3. Prys: R30
Regie: Pieter Alberts
Hoërskool Zwartkop

"Suid- Afrika is 'n wonderlike plek! Suid-Afrika is great! Maar Suid-Afrika is ook 'n glibberige ding wat jou skielik aan die alie byt. Die klere wat jy dra, bring jou dollars na die lig. Wys die dikte van jou wallet, bring jou kwesbaarheid in sig.

Raak ontslae van jou juwele! Haal daai hoed af van jou hoof! Lyk soos een van onse mense: Lyk ge-hijack! Lyk beroof!"

'n Kabaret wat 'n alternatiewe kykie na die eksploitasie van Suid-Afrika deur toerisme, op 'n skreeusnaakse manier, verskaf.

KOBUS & WICUS – 'N RARE VERHAAL deur Jaco Visser
Regie: Barnie Mans
Hoërskool Martin Oosthuisen

Waar 'n rokie trek, is daar soms 'n spook, 'n geheimsinnige jong man, 'n portret van ouma, of al drie. Hoe ver sal vriende gaan om hul donkerste geheime van mekaar weg te steek?
Tydsduur: 90 Minute

HAAI JULLE deur Elle Chapman en Kie
Vr. 15 Julie 14:30 Groep 4. Prys: R20
Regie: Cobie, Erna en Nel
Hoërskool Die Wilgers

Die Herselmans was die vreeslikste kinders in menseheugenis. Hulle het gelieg, gesteel, sigare gerook (selfs die meisiekinders ook) en vuil taal gebruik en Freek Schoeman se pakkamer aan die brand gesteek. Met hulle was enigiets moontlik, selfs 'n Kersspel. Tydsduur: 45 minute

FEESWENNER
Vr. 15 Julie 19:30 FINAAL Prys: R20
Tydsduur: 45 tot 90 minute

Vryfees-fliekprogram

Plek: Al die rolprente word in die Maureen Dale Learning Centre by die Eunice-laerskoolsaal vertoon.
Toegang: R25 per rolprent;
R50 vir Simson het nie muscles gehad nie (Sien Toneel – Kinderteater).

Kunsfilmfees

Aangebied deur die Departement Afrikaans, Nederlands, Duits en Frans aan die Universiteit van die Vrystaat.

DIE FETTEN JAHRE SIND VORBEI (2004)
Datums: 14 Julie 12:30; 16 Julie 20:00
136 minute
Duits met Engelse onderskrifte
Regie: Hans Weingartner; akteurs: Daniel Brühl, Julia Jentsch, Stipe Erceg, Burghart Klaussner

Dat welvaart vandag onregverdig verdeel is, is aan almal duidelik, maar hoe om dit aan te spreek egter nie. Die fetten Jahren sind vorbei (ook bekend as The Edukators) vertel die verhaal van drie revolusionêre jong mense wat op unieke wyse poog om maatskaplike en ekonomiese ongelykhede aan die kaak te stel. Verkeerde (persoonlike) keuses lei tot komplekse nagevolge, onder meer die ontvoering van 'n ryk sakeman. Is daar plek vir edel oortuigings in die moderne kapitalistiese en geglobaliseerde wêreld?

SÉRAPHINE (2008) 135 minute
Datums: 14 Julie 15:00; 16 Julie 17:30
Frans met Engelse onderskrifte
Regie: Martin Provost; akteurs: Yolande Moreau, Ulrich Tukur, Wilhelm Uhde

Die verhaal van Séraphine de Senlis, 'n 48-jarige, kuis huishoudster wie se naïewe stillewes uiteindelik deur die kunswêreld raakgesien en vandag in kunsmuseums in Frankryk en in die res van die wêreld te sien is. Die pragtige film illustreer ook die rol wat kunskritici speel: Séraphine se werk is vir die eerste keer in 1913 opgemerk deur 'n Duitse kunskritikus, Wilhelm Uhde, wat ook die eerste koper van Pablo Picasso se skilderye was en wat ook die primitiewe skilder, Le Douanier Rousseau, ontdek het. Dit is die moeite werd om die film te sien vir die spel van Yolande Moreau. Daar is ooreenkomste tussen die lot van Séraphine en Camille Claudel; albei bring die laaste jare van hul lewe in 'n gestig deur.

BLINK STEFAANS (1981)
Datums: 15 Julie 17:30; 16 Julie 15:00
120 minute
Afrikaans
Regie: Jans Rautenbach; akteurs: Regardt van den Bergh, Zoli Marki en Jana Cilliers

Fanus is 'n vaal klankingenieur wat nooit deur enigiemand raakgesien word nie – selfs nie deur sy baas se beeldskone dogter, Linda, nie. Dan maak Blink Stefaans, as Fanus se alter ego, sy verskyning en verander sy lewe ingrypend. Hy leer om met meer selfvertroue op te tree en selfs hoe om aan te trek. Fanus leer om homself te laat geld en kry 'n werk as 'n filmmaker. Hy maak vriende met Chrissie, maar vra Linda, op wie hy steeds verlief is, om die hoofrol te speel in sy nuwe Aspoestertjie-advertensie. Die projek misluk, Fanus is sy werk kwyt, Chrissie vlug met 'n gebroke hart Kaapstad toe en Blink Stefaans verlaat hom. Kan Fanus weer geluk en liefde vind of bestaan sulke goed net in feeverhale?